# Belasting NUUSBRIEF

September 2025 / Vol 2

## Belastingaftrekkings

Wat jy moet weet as jy van die huis af werk of inkomste genereer buite 'n gewone salaris.

Wanneer dit by belasting kom, is dit belangrik om te weet watter uitgawes jy wettiglik van jou inkomste mag aftrek. Afhangend van hoe jy inkomste verdien – hetsy as handeldrywende individu, kommissieverdiener, of 'n werknemer met ’n tuiskantoor – is daar verskillende belastingvoordele beskikbaar. Hieronder verduidelik ons die verskillende scenario’s en wat jy moet weet.

### Handeldrywende individue

As jy 'n handeldrywende individu is – iemand wat ’n eie besigheid bedryf of vryskutwerk doen – het jy ’n groter reeks uitgawes wat jy van jou inkomste mag aftrek. Die belangrikste voorwaarde is dat die uitgawes direk verband hou met die generering van jou inkomste.

Voorbeelde van sulke uitgawes sluit in:

- Kantoorbenodigdhede
- Telefoon- en internetkoste
- Reis- en vervoerkoste vir besigheidsdoeleindes
- Bemarkingsuitgawes
- Professionele fooie

**Belangrik:**

Hou altyd goeie rekords en bewyse van alle uitgawes

VECTIGAL ACCOUNTING



## Kommissieverdieners

Indien jy 'n salaris verdien, maar meer as 50% van jou inkomste (volgens kode 3699 op jou IRP5) bestaan uit kommissie, val jy in 'n spesiale kategorie. Jy mag dan sekere uitgawes aftrek wat gewoonlik nie vir standaard salaristrekkers beskikbaar is nie.

Hierdie uitgawes moet, soos altyd, direk verband hou met die verdien van inkomste. SARS is in hierdie geval oor die algemeen meer toegeeflik ten opsigte van telefoon- en internetkoste, veral as dit gebruik word om kliënte te kontak of afsprake te reël.

Ander aftrekbare uitgawes kan insluit:

- Vervoer- en reisuitgawes
- Kantoorbenodigdhede
- Bemarkingsmateriaal
- Werksklere indien spesifiek aan die werk gekoppel

Hou bewys van jou inkomste- en uitgawepatrone, aangesien SARS dit sal vereis indien jou verklaring geoudit word.



076 051 6559
admin@vectigal.co.za
www.vectigal.co.za

## Salaristrekkers met 'n tuiskantoor

Vir werknemers wat van die huis af werk, is daar onder sekere omstandighede ook belastingaftrekkings beskikbaar. Die voorvereiste is dat minstens 50% van jou werk, soos deur jou werkgewer vereis, by jou huis verrig word.

In so 'n geval kan jy moontlik sekere koste van jou huiskantoor eis, soos:

- 'n Gedeelte van huur of verbandrente
- Gedeelte van water en elektrisiteit
- Depresiasie op kantoormeubels en -toerusting

Dit is belangrik dat die spasie wat jy as tuiskantoor gebruik, uitsluitlik en gereeld vir werkdoeleindes gebruik word. 'n Eetkamertafel wat soms as lessenaar dien, kwalifiseer ongelukkig nie.

Gevolgtrekking

As jy nie net 'n gewone salaristrekker is nie, is dit belangrik om die belastingvoordele wat aan jou beskikbaar is, te verstaan en korrek toe te pas. Deur jou uitgawes noukeurig aan te teken en bewys te hou, kan jy jou belastinglas wettiglik verminder en jou netto inkomste verhoog.

Wenk: maak vir jouself 'n WhatsApp groep en laai fotos of notas as jy uitgawes aangaan – dis 'n maklike en gratis manier om rekord te hou.

Kontak ons gerus indien jy onseker is oor wat jy mag aftrek, of as jy hulp nodig het met jou belastingopgawe. Ons help graag!

VECTIGAL ACCOUNTING